

Baie Afrikaans

Baie Afrikaans

**EEN HANDBOEK VOOR
NEDERLANDSTALIGEN**

Sen Joostens
Suléne Pilon
Lieve De Wachter

| OWL PRESS |

Voorwoord

BAIE AFRIKAANS... EEN ONTDEKKINGSREIS VAN HET 'AFRIKAANS' EN
VAN ZUID-AFRIKA!

9

Inleiding

Kom ons begin!

Spelling

13

WAT SÊ 'AWÊ' AAN NUWE WOORDE

13

Uitspraak

17

VOKALE

17

KONSONANTE

18

HOOFSTUK 1

Welkom in Suid-Afrika!

Afrikaans in Suid-Afrika

22

Wie is jy?

23

HOE OM TE GROET?

24

HOE OM JOUSELF VOOR TE STEL

25

STUDEER JY?

26

OF WERK JY?

29

IS JY AFRIKAANSSPREKEND?

31

PERSOONLIKE VOORNAAMWOORDE (SUBJEKTE) EN WERKWOORDE

34

Familie

37

Afrikaanse klefsrymers

42

SNAAKSE AFRIKAANS!

45

WOORDELYS HOOFSTUK 1

46

HOOFSTUK 2

Waar bly jy?

Ek woon in Suid-Afrika

50

DIE WOONSTEL

52

OBJEKTE IN DIE HUIS

52

ONREËLMATIGE WERKWOORDE

55

BESITLIKE VOORNAAMWOORDE: JY IS MYNE!

58

OP DIE WYNPLAAS

60

SEN WYS SY WOONSTEL VIR SY VRIENDE	62
Soorte wonings	63
OP DIE DORP	65
ONTKENNING EN VERBOD: MOENIE WATER MORS NIE!	68
Woonprobleme: waterskaarste en beurtkrag	73
WATERSKAARSTE	73
BEURTKRAG	75
Op soek na 'n blyplek	78
SNAAKSE AFRIKAANS	79
WOORDELYS HOOFSTUK 2	80
HOOFSTUK 3	
Lekker kuier!	
Die variëteite van Afrikaans	86
'n Aantal woorde uit die Afrikaanse variëteite	88
HOE OM VIR AANWYSINGS TE VRA:	
JAMMER OM TE PLA...	89
TOERISTEAANTREKLIKHEDE IN SUID-AFRIKA EN NAMIBIË	92
SEN KOM BY DIE RESTAURANT AAN	94
PERSOONLIKE VOORNAAMWOORDE AS OBJEKTE:	
HOE GAAN DIT MET JOU?	94
AFSPRAAK VIR 'N ONDERHOUD:	
THANDEKA EN FALDELA BEL MET MEKAAR	100
REG OM TE BESTEL!	103
HOE OM TE BETAAL: 'N FOOTJIE	106
OP 'N UITSTAPPIE: WAANTOE GAAN ONS?	108
DIE ONPERSOONLIKE VOORNAAMWOORD	110
EK IS LIEF VIR HAAR!	111
WORD 'N WYNFOENDI!	116
SNAAKSE AFRIKAANS	120
BONUSAFRIKAANS - WOORDHERHALING	120
WOORDELYS HOOFSTUK 3	122

HOOFSTUK 4

Onthou jy?

Landskappe in Suid-Afrika	128
DIERTJIES SE PLESIERTJIES!	130
Adjektiewe: Suid-Afrika is prentjiemooi!	136
DIE STORIE VAN BLOMME EN BOME IN SUID-AFRIKA	140
Verlede Tyd:	
Wat het jy in Suid-Afrika gedoen?	144
Die bysin: Ek wonder of hulle leeus gesien het.	149
Bonusafrikaans: Baie Afrikaanse woorde: "mos" en "glo"	153
SNAAKSE AFRIKAANS	154
WOORDELYS HOOFSTUK 4	155

HOOFSTUK 5

Eina, voertsek!

Gesondheid! In Suid-Afrika ...	160
EINA!	162
DIE LIGGAAM	163
KLERE EN BYKOMSTIGHEDE:	
SY BAADJIE IS BEHOORLIK AFGEBORSEL!	173
SIEKTE EN PYN: WAT GAAN AAN?	182
VERLEDE TYD MET HULPWERKWOORDE:	
DIT IS ALLES WAT EK WOU GEHAD HET.	189
INTENSIEWE ADJEKTIEWE:	
DIT GAAN BLITSVINNIG VERBY...	192
BONUSAFRIKAANS: VERKLEINWOORDE	194
SNAAKSE AFRIKAANS	196
WOORDELYS HOOFSTUK 5	197

Bibliografie

Antwoorde

201

205

Voorwoord

BAIE AFRIKAANS... EEN ONTDEKKINGSREIS VAN HET 'AFRIKAANS' EN VAN ZUID-AFRIKA!

Welkom bij deze verkenning van het Afrikaans, een taal met een rijke cultuur en met een warme verbondenheid met het Nederlands. Dit leerboek is bedoeld als gids, speciaal ontworpen voor Nederlandstaligen die het Afrikaans en de fascinerende Zuid-Afrikaanse talen en culturen willen verkennen.

Afrikaans is een taal die genesteld is in de ziel van Zuid-Afrika en die op die manier veel meer is dan enkel een communicatiemiddel. Met zijn melodieuze klanken en bijzondere grammaticale structuur trekt het Afrikaans aan en fascineert het. Dit boek is een levendig eerbetoon aan deze taal en tegelijkertijd ook aan de complexe geschiedenis en de diverse bevolking van dit prachtige land.

Wat dit leerboek bijzonder maakt, is de erkenning van de nauwe verwantschap tussen het Afrikaans en het Nederlands. Als Nederlandstalige heb je immers al een stevige basis die je zal helpen om je snel thuis te voelen in de wereld van het Afrikaans. Maar het boek gaat verder dan alleen de oppervlakkige gelijkenissen en verkent ook de verschillen, de 'valse vrienden' en de grappige bijzonderheden.

Baie Afrikaans is niet zomaar een handboek met een aantal dialogen en een opsomming van interessante woorden en zinnen. Met zijn gestructureerde opzet, verrijkt met online oefeningen, biedt het een uitgebreid en flexibel leertraject. De vijf hoofdstukken begeleiden je als leerder stap voor stap door de basisbeginselen van het Afrikaans, van eenvoudige zinnen tot meer complexe structuren. Je maakt kennis met de kleurrijke tradities, levendige muziek en intrigerende geschiedenis van het land: elk hoofdstuk biedt een boeiende inkijk in de Zuid-Afrikaanse levensstijl.








Als auteurs die zelf een fascinatie hebben voor de Afrikaanse taal en cultuur, hopen wij dat dit boek je als lezer / leerder zal inspireren en motiveren om de schoonheid van het Afrikaans te ontdekken en te omarmen. Laat je dus net als ons betoveren door de magie van Afrikaans.

Sen Joostens, Suléne Pilon en Lieve De Wachter
Mei 2024

Inleiding

Baie Afrikaans is een heerlijke introductie, niet alleen tot de taal zelf, maar ook tot het multiculturele Zuid-Afrika. Het boek is geschikt voor iedereen die van plan is om naar Zuid-Afrika te reizen, om er te werken, te studeren of gewoon uit interesse voor de taal en cultuur. Het boek neemt je mee op reis door 5 hoofdstukken met als thema's: jezelf voorstellen, wonen, vrije tijd, natuur, ziekte en gezondheid. Elk van die hoofdstukken start met een cultureel hoofdstukje dat de Zuid-Afrikaanse gewoonten, tradities en erfgoed in de verf zet. Op het einde van elk hoofdstuk staat er een lijst van alle “baie Afrikaanse” woorden samen met de Nederlandse vertaling. Op het einde van het boek vind je een QR-code terug waarmee je de oefeningen kan verbeteren.

De hoofdstukken zijn opgebouwd rond een aantal dialogen. Ze vertellen het verhaal van uitwisselingsstudenten die aan de universiteit van Stellenbosch studeren en Afrikaans oefenen. De hoofdstukken bevatten grammatica en woordenschat die in de loop van het hoofdstuk worden uitgelegd en ingeoeffend. De dialogen spelen zich af in verschillende contexten, van op restaurant tot bij vrienden of op het werk. Ze vormen een uitstekende basis om je op weg te helpen met je Afrikaans in soortgelijke situaties.

Daarnaast gebruikt het boek een heleboel pictogrammen. Die pictogrammen staan naast de oefeningen. Sommige pictogrammen duiden de vaardigheid aan die er wordt getoetst. Zo heb je een pictogram voor lezen , luisteren , schrijven  en spreken . Anderzijds werkt het boek met pictogrammen die aanduiden voor welke doelgroep de oefeningen relevant kunnen zijn. Zo zijn er oefeningen die nuttig zijn voor werknemers , studenten  en reizigers  in Zuid-Afrika, of voor mensen die gewoon geïnteresseerd  zijn in de taal en cultuur.

Ten slotte maakt het boek gebruik van een aantal QR-codes. Op die manier brengt *Baie Afrikaans* de Afrikaanstalige wereld direct binnen in het boek. De QR-codes verwijzen je door naar filmpjes, podcasts, kortverhalen, artikels enzovoort. Daar kan je het geleerde toepassen en je kennis uitbreiden. Ook de dialogen in het boek zijn ingesproken. De opnames ervan vind je terug door de QR-code bij de dialogen te scannen. Andere QR-codes bieden dan weer toegang tot quizjes en extra oefeningen.

Zo, genoeg Nederlands voor nu. Kom ons praat (baie) Afrikaans!

Kom ons begin!

Spelling

WAT SÊ 'AWÊ' AAN NUWE WOORDE

DEUR MARYNA AD SHADE

Die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT)* het onlangs 21 woorde opgeneem en amptelik tot Afrikaans bygevoeg. Dit sluit woorde van uit verskillende variëteite en gebruiksfere van Afrikaans in, soos *doef-doen-musiek* en *hommeltuig* (oftewel *h drone* in Engels).

Volgens dr Willem Botha, hoofredakteur en uitvoerende direkteur van die *WAT*, behels die rol van die *WAT* om Afrikaans in sy wydste omvang vas te vang. “Dit beteken dat nie net Standaardafrikaans nie, maar ook die ander variëteite soos Kaaps en Namakwalands n tuiste in die *WAT* vind. Ook geselstaal, streektaal en uitdrukkings word in die *WAT* opgeneem,” het hy verduidelik.

Hierdie insluiting van verskillende variëteite en kulture se woorde is duidelik in van die woorde wat nou opgeneem is, soos *awê* (of *aweh*), *sjoekran* en *chakalaka*.

Verder dui van die woorde op die invloed van die COVID-19-pandemie op Afrikaans. Volgens dr Gerda Odendaal, mederedakteur van die *WAT*, het dié internasionale gebeurtenis “noodgedwonge ook n invloed

op Afrikaans gehad”. Sy het gesê: “En omdat ons die taalgebruik van die sprekers van Afrikaans in die *WAT* weerspieël, het ons byvoorbeeld woorde en uitdrukkings soos *Covid*, *Covid-19* en *koronavirus* (tesame met dié woorde se talle samestellings), *gren-delyd*, en *h staat van inperking* in die woordeboek opgeneem.”

Daar is egter n paar kreatiewe en prettige woorde ingesluit, soos *nylonkoffie* (oftewel kitskoffie), *aaptwak* en *oogpoeding* (vir die Engelse *eye candy*). Buiten vir hierdie nuwe lys woorde, getuig van die vorige nuwe woorde ook van kreatiwiteit. “Ek hou baie van *sloer-toer* wat een van die wenners was in ons jaarlikse Nuutskeppingskompetisie. Dit sê vir my meer as die [Engelse] *road trip* en die woord is besig om gewild te word onder die sprekers en is reeds in die *WAT* opgeneem,” het Botha gesê.

Soos Botha, voel sommige ander ook asof die Afrikaanse ekwivalente vir sommige woorde meer beskrywend is as die Engelse weergawes, met Símon Strümpher, n HonsBA

(Afrikaans en Nederlands)-student, wat een van diegene is.

“Ek hou so baie van die woord *grendeltyd*. Dit is vir my uniek dat iemand besluit het ons moet ook kan kla oor *lockdown* in ons taal,” het Strümpher gesê. “*Grendeltyd* klink sommer soos n sukkeltyd, n moeilike tyd. n Beter woord om hierdie pandemie in n boksie te sit, is daar beslis nie.”

Strümpher het bygevoeg dat sy trots is om te sien dat daar nog woorde tot die amptelike Afrikaanse woordeskat gevoeg word: “Ek kan nie genoeg kry van nuwe Afrikaanse woorde nie - met al die dinge wat aan die gang is rondom Afrikaans en hoe dit in hierdie problematiese lig gestel word, is dit vir my die

lekkerste nuus om te hoor dat ons woordeskat vergroot word. Dit maak my trots om dit te sien, want hoekom sal hulle nuwe woorde maak vir n taal wat glo sal uitsterf?”

Odendaal het hierby aangesluit, maar het gemeen Afrikaans is uniek omdat dit die gees van ubuntu weerspieël. “Afrikaans het naamlik tot stand gekom in n konteks waar mense van Afrika, Europa en Asië met mekaar in kontak was en n gemeenskaplike kommunikasiemedium moes vind. Ek beskou Afrikaans dus as n brugbouer tussen mense van verskillende kulture, gelowe en rasse. Want of jy nou *awê*, *dagsê*, *hallo*, *hosh*, *jis*, *salute* of *salaam aleikoem* sê, dit is alles Afrikaans!”

Bron: <https://www.wat.co.za/die-matie-wat-se-awe-aan-nuwe-woorde/>



OEFENING 0.1

Daar is 'n hele klomp transformasiereëls wat ons kan gebruik as ons van Nederlands na Afrikaans vertaal. Soek onderstaande woorde in die teks en probeer om hulle te vertaal.

Er zijn een heleboel transformatieregels die we kunnen gebruiken als we van het Nederlands naar het Afrikaans vertalen. Zoek onderstaande woorden in de tekst en probeer ze te vertalen.

woorden	_____	zo	_____
verskillende	_____	problematiese	_____
directeur	_____	licht	_____
duidelijk	_____	beskouw	_____
weerspiegel	_____	box	_____
tijd	_____	weergaven	_____
vast	_____	over	_____
internationaal	_____	winnaar	_____

eeuw → eeu	leeu	isch →	()
au → ou	blou	ouw →	()
c → s	sirkel	-tie →	()
ou → oe	toer	-lijk →	()
ge → sie	bagasie	c →	()
y → i	fisika	z →	()
th → t	teorie	ij →	()
ch → sj	sjokolade	t →	()
x →	()	ch →	()
sch →	()		

Die 'v' in die middel van 'n woord, word meestal 'w'.
lewe, aflewer

Die 'n' aan die einde van 'n woord in die meervoud, **verdwyn**.
woorde, dienste

Die 'g' tussen 'n lang klank en 'n dowwe 'e' **verdwyn**.
lae, oë

Die 'v' tussen 'n lang vokaal en 'n dowwe 'e' **verdwyn**.
oor, bo



OEFENING 0.2

Lees die artikel en vertaal die ontbrekende woorde.

Lees het artikel en vertaal de ontbrekende woorde.

Universiteit van Kaapstad in vlamme gehul

Deur Elaine Krige

18 April 2021

Die universiteit van Kaapstad _____ (moest) ontruim word nadat n brand Sondagoggend aan die voet van Tafelberg uitbreek en na die universiteit versprei het. Verskeie van die _____ (gebouwen) op die _____ (campus), _____ (zowel) as _____ (historische) bakens, het in die slag gebly.

“Alle universiteitstudente word tans deur nooddienpersoneel van die _____ (campus) af na veiligheid geneem. Die universiteit werk saam met SANParke en die Stad Kaapstad om die brand te blus,” het die universiteit Sondagmiddag in n verklaring gesê.

Maroela Media het _____ (vroeger) _____ (bericht) die stad se brand- en reddingsdiens is omstreeks 08:45 ingelig _____ (over) plantegroei wat by Philip Kgosana-rylaan naby die Rhodes-gedenkteken aan die brand geslaan het. Die brand het die gedenkteken se _____ (theekamer) beskadig. Luidens n verklaring deur SANParke Sondagmiddag het die restaurant intussen heeltemal afgebrand.

Teen 17:00 Sondagmiddag het _____ (brandbestrijders) steeds gesukkel om die brand onder bedwang te bring. Luidens plasings op _____ (sociale) media het verskeie lektore se kantore en die _____ (bibliotheek), waar waardevolle _____ (documenten) gehou word, gebrand. Mostert se Meul, n windmeul in Mowbray _____ (overkant) die universiteit, is ook erg in die brand beskadig. Dit was tot op hede nog die enigste windmeul in werkende toestand in Suider-Afrika.

Volgens SANParke _____ (dragen) warm temperature en _____ (lage) humiditeit daartoe by dat die brand vinnig versprei.

Die stad Kaapstad het intussen versoek dat lede van die publiek was kospakkies wil skenk, dit by die brandweerstasie in Roelandstraat _____ (afleveren).

Bron: <https://maroelamedia.co.za/nuus/sa-nuus/universiteit-van-kaapstad-in-vlamme-gehul/>

Uitspraak

Alhoewel Afrikaanse woorde meestal na Nederlandse woorde lyk, is daar groot verskille in uitspraak. n Goeie beheersing van Afrikaans begin met n goeie uitspraak. Skandeer die skakel en luister na hoe die woorde hier onder uitgespreek word. Om jou uitspraak te toets, kan jy n opname daarvan maak en dit vergelyk met die opnames op die webwerf..



Hoewel Afrikaanse woorde meestal op Nederlandse woorde lyk, zijn er grote verschillen in uitspraak. Een goede beheersing van het Afrikaans begint met een goede uitspraak. Scan de QR-code en luister naar hoe de woorden hieronder uitgesproken worden. Maak voor het beste resultaat een opname van jouw uitspraak en vergelyk die met de opnames op de website.

VOKALE

man – kan – sal – bang – vak
maan – kaal – vanaand – betaal – aap

reg – veg – welkom – sterkte – ek
wêreld – nêrens – kêrel – rêrig – vêr
keer – seep – kleef – gereed – twee

kop – dog – gom – los – op
oor – vroër – bo – nodig – stoof
môre

rus – dunner – dus – munt – hulle
muur – nuut – skuus – vuur – natuur
brûe – rûe

vis – wis – dit – tik – wind

ouma – jou – gou – vrou – ou
yslik – jy – kry – myne – by
uit – vliegtuig – ruil – suid – luiperd
seun – leuen – deur – meul – beursie

Maar: mens – student (nasalisering)

Maar: sê – hê

Maar: ons – onder (nasalisering)

Maar: hallo – rooi

KONSONANTE

val – vier – vriende – universiteit – vuur

waar – dowwe – water – beweeg – lewe Maar: twee, verdwyn

groot – goeie – gaan – pagina – vag Maar: berge, gholf

raad – Afrikaans – braai – vir – vra

onder – ander – verander – besonderse

bietjie – ritjie – liedjie – waentjie Maar: katjie, baadjie...



OEFENING 0.3

Probeer hierdie Afrikaanse tongknopers. Sê hulle so vinnig as moontlik!

Probeer deze Afrikaanse tongbrekers. Spreek ze zo snel mogelijk uit!

Wie weet waar Willem Wessels woon?
Willem Wessels woon waar woeste westewinde waai
Wie weet waar woeste westewinde waai?
Woeste westewinde waai wes.

Die kreef kleef aan die krap en die krap kleef aan die kreef.

Grys, grillerige goggatjies grawe graag geweldige groot gate.

My liewe neef Louw, my neus jeuk nou.
Jeuk my liewe neef Louw se neus ook nou?



OEFENING 0.4

Vokaalдикtee! Skandeer die skakel en skryf die woorde wat jy hoor, in die boksies.

Vocaalдикtee! Scan de QR-code en skryf de woorden die je hoort in de vakjes.






HOOFSTUK 1

Welkom in Suid-Afrika!



· *Leer oor verskillende studierigtings en die Suid-Afrikaanse universiteite.*



· *Leer oor beroepe in Afrikaans!*



- *Leer wat die verskil tussen 'n Afrikaner en 'n Afrikaanssprekende is.*
- *Leer oor Afrikaanse kletsrym en slang.*
- *Leer hoe om oor jou familie te praat.*
- *Leer om jouself voor te stel en hoe om te groet.*

Afrikaans in Suid-Afrika

Suid-Afrika is 'n land wat bekend is vir kulturele diversiteit, en die Suid-Afrikaanse taallandskap is geen uitsondering nie. Suid-Afrika het 'n totaal van 12 amptelike tale wat elkeen bydra tot die lewendige tapisserie van die Suid-Afrikaanse identiteit. Hierdie tale word amptelik erken in die Grondwet van 1996 en sluit in Afrikaans, Engels, isiZulu, isiXhosa, isiNdebele, Sesotho, Setswana, Sepedi, Xitsonga, SiSwati, Tshivenda en Suid-Afrikaanse Gebaretaal. Te midde van hierdie taalkundige diversiteit, word Engels meestal as lingua franca gebruik om kommunikasie oor taalgrense heen moontlik te maak.

Afrikaans word volgens die 2022-sensusopname¹ deur 10,6% van die inwoners van Suid-Afrika as huistaal gebruik, wat dit die derdegrootste (naas isiZulu met 24,4% en isiXhosa met 16,3%) in Suid-Afrika maak.

Afrikaans word deur 54,6% van die mense in die Noordkaapprovinsie en deur 41,2% van die mense in die Weskaap as huistaal gebruik. Afrikaans is ook die taal met die meeste sprekers in hierdie twee provinsies. Volgens die 2011-sensusopname² is Afrikaans die huistaal van ongeveer 76% van bruin Suid-Afrikaners, 61% van wit Suid-Afrikaners en 2% van swart Suid-Afrikaners.

Omdat Afrikaans baie sterk met die Apartheidsregering geassosieer is (Van Rensburg 1999), word dit steeds vandag deur sommige Suid-Afrikaners beskou as die “taal van die onderdrukker”, wat uiteraard in sommige oorde 'n negatiewe konnotasie met Afrikaans veroorsaak. Daar word egter vanuit Afrikaanssprekende geledere baie gedoen in 'n poging om die taal te depolitisier, en om die onregte van die verlede bloot te lê en te begin

¹ Meer detail oor die sensusopname is beskikbaar by https://census.statssa.gov.za/assets/documents/2022/P03014_Census_2022_Statistical_Release.pdf

² 'n Opsomming van die 2011-sensusopname se statistiek oor die tale van Suid-Afrika kan hier bekyk word: <https://southafrica-info.com/arts-culture/11-languages-south-africa>

regstel³. Ten spyte van hierdie ongelukkige assosiasie met Apartheid, is Afrikaans egter steeds een van die amptelike tale van 'n demokratiese Suid-Afrika.

Gedurende die Apartheidsjare was Afrikaans en Engels die enigste twee amptelike tale in Suid-Afrika, en in hierdie tyd het Afrikaans derhalwe (ten koste van ander Suid-Afrikaanse tale) 'n bloeitydperk beleef (Duvenhage 2006). Afrikaans was die onderrigmedium in Suid-Afrikaanse skole en universiteite, en dit is ook gebruik in alle moontlike sosiale, professionele en politieke kontekste. Suid-Afrika was in hierdie tyd vir alle praktiese doeleindes 'n tweetalige land. Na die eerste demokratiese verkiesing in 1994 het hierdie situasie dramaties verander en Afrikaans moet sedertdien 'n plek vind as een van 12 amptelike landstale. Ten spyte van die Suid-Afrikaanse Grondwet se klem op meertaligheid en die gelykheid van

al die land se amptelike tale, word die meeste hoëfunksieaktiwiteite tans tot 'n baie groot mate in Engels onderneem. Dit beteken dat Afrikaans baie van sy hoë funksies verloor het. Dit word ook byna glad nie meer as onderrigmedium gebruik by universiteite nie.

Ten spyte hiervan, floreer Afrikaans steeds op vele ander terreine. Daar word steeds baie Afrikaanse films en TV-reekse gemaak, Afrikaanse musiek is steeds baie populêr, Afrikaanse teaterproduksies word nog goed ondersteun en daar word nasionaal en internasionaal nog baie navorsing oor (en dikwels ook in) Afrikaans gedoen. Daar word jaarliks nog baie Afrikaanse boeke en digbundels geskryf en verkoop, en verskeie Afrikaanse tydskrifte, koerante en radiostasies word steeds ondersteun deur Afrikaanssprekendes. Daar word ook voortgewerk aan Afrikaanse woordeboeke en ander taalkundige bronne. Dit gaan dus nog steeds goed met Afrikaans!

Wie is jy?



Sen het Suid-Afrika toe gevlieg. Hy is baie opgewonde en het sy paspoort. Skielik roep die doanebeampte hom vorentoe.

Doanebeampte: Goeienaand! Paspoort en naam asseblief.

Sen: Goeienaand, my naam is Sen.

Doanebeampte: Jy praat mooi Afrikaans! Waarvandaan kom jy?

Sen: Ek kom van België af.

Doanebeampte: Ag lekker. Baie welkom in Suid-Afrika! Hoekom kom jy Suid-Afrika toe?

³ Luister byvoorbeeld hier na 'n onderhoud met Hein Willemse waarin hy die geskiedenis van die standaardvarieteit van Afrikaans bespreek: <https://omny.fm/shows/op-en-wakker/n-liefde-vir-afrikaans>

Sen: Ek is 'n uitruilstudent by die Universiteit Stellenbosch.
Doanebeampte: Sjoe! Regtig? Stellies! Jy gaan dit baie geniet.
Sen: Ek hoop rêrig so!
Doanebeampte: Kan jy dit vir my sê: "Stellies"?
Sen: Skuus? Sê weer?
Doanebeampte: Sê net gou "Stellies".
Sen: Stellies?
Doanebeampte: Jou uitspraak klink so snaaks!
 Dit is baie Nederlands. Wat gaan jy swot?
Sen: Ek gaan filosofie en taalkunde studeer.
Doanebeampte: Dit klink vir my asof jy mal is oor tale! Watter ander tale praat jy?
Sen: Dankie! My moedertaal is Nederlands, maar ek praat ook Frans, Engels en 'n bietjie Sweeds.
Doanebeampte: Sjoe, moenie so spog nie! Jy het al die nodige dokumente. Hier is jou paspoort.
Sen: Dankie! Dit was lekker om 'n bietjie in Afrikaans te gesels.
Doanebeampte: Dit was lekker om jou te ontmoet. Geniet jou tyd in Suid-Afrika.

NB: Dit is gebruikeliker om Engels in hoëfunksieaktiwiteite te gebruik.



Jy is eindelijk in Suid-Afrika. Welkom! Kom ons leer hoe om te groet.

HOE OM TE GROET?

			
goeiemôre	goeiemiddag	goeienaand	goeienag
goeiedag			

“Awê!”

“Awê” of “aweh” is 'n informele manier om “hallo” te sê.

Die lekkerste van Suid-Afrika is die warm Suid-Afrikaners.
 Leer hoe om jouself voor te stel en fantastiese mense te leer ken.

HOE OM JOUSELF VOOR TE STEL

	Vraag	Antwoord
	Wie is jy? Wat is jou naam/van? <i>van = achternaam</i>	Ek is Sen. My naam is Sen/Joostens.
	Waarvandaan kom jy? Waar kom jy vandaan?	Ek kom van België af.
	Watter tale praat jy? Watse tale praat jy? (informeel)	Ek praat Nederlands en 'n bietjie Afrikaans
	Waar bly jy?	Ek bly in Stellenbosch.
	Wat swot jy? (informeel) Wat studeer jy? Watter werk doen jy? <i>swot = studeren</i>	Ek swot ingenieurswese. Ek studeer taal en kultuur. Ek is 'n onderwyser.
	Hoekom gaan jy Suid-Afrika toe? Waarom gaan jy Suid-Afrika toe?	Ek is 'n uitruilstudent. Ek gaan daar werk. Ek gaan soontoe op vakansie.
	Wat is jou stokperdjie? <i>stokperdjie = hobby</i>	Ek hou daarvan om te hardloop en te stap, en ek hou van musiek!
	Is jy gelowig?	Ja, ek is 'n Christen, Moslem, Hindoe, Jood... Nee, ek is nie gelowig nie.



Baie Suid-Afrikaners is gelowig. In 2015 het ongeveer 86% aangedui dat hulle Christene is, terwyl net meer as 5% aangedui het dat hulle nie gelowig is nie. Die oorblywende persentasie hang ander religieë soos Islam, Hindoeïsme, tradisionele Afrikagosdiens en Judaïsme aan.

Bron: <https://www.statssa.gov.za/publications/P0318/P03182015.pdf>